

15 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-15

Fokusgedeelte: Matteus 6:10

Bekommernis of bekering?

Radikaal en verontrustend! So moes Jesus se woorde in die Bergpredikasie vir die meeste van sy hoorders geklink het! Van die begin af volg Hy 'n omkeerstrategie van belydenis en bekering (omkeer) as die enigste pad in sy koninkryk in.

En belydenis en bekering maak baie mense bekommerd. Neem nou maar sy woorde in Matteus 6:31, 33 "Moenie julle bekommer oor kos en klere nie ... Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Die skare mense met wie Jesus gepraat het, was arm en het daaglik 'n stryd oor kos en klere gevoer. Verder was onreg en onderdrukking deur die heidense Romeinse regering 'n voortdurende kwelling. Om vir hulle te sê "bekommernis is ongeloof", is baie ingrypend.

Die woorde van die Sinode in die omkeerstrategie is eweneens radikaal. Die bedoeling is "om mense en gemeenskappe onder die gesag van Christus te bring" (4.2 van die rapport). Wanneer dit gebeur, sal kerkwees anders lyk as nou. Daarom lees die besluit dat "die lewenswyse van die GKSA, insluitende ons kerk-etos, gewoontes en kerkorde hervorm moet word om aan die opdrag van ons Here (om dissipels van al die nasies te maak) te voldoen" (4.6 van die rapport).

Dat dele van ons GKSA-etos en kerkorde nie inpas in Jesus se koninkryk nie en daarom hervorm moet word, is vir sommige lidmate kommerwekkend. Is dit dan nie juis ons gereformeerde gewoontes en orde wat ons veilig laat voel nie? Ander is weer bekommerd dat ons orde en etos irrelevant en onveranderlik geword het.

Wat bekommer jou? Jesus verbied enige strategie wat uit bekommernis gebore word. Soek Hom allereers en wat Hy wil doen, al laat dit jou baie onveilig voel! Hy vra geloof en bekering van bekommernis. Hy belowe dat Hy dan 'n nuwe etos en orde sal byvoeg!

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6

Dr. J (Jacob) Pretorius (Linden)